# VOORWOORD

In Suid-Afrika bestaan die eienaardige toestand dat mens hier drie Kerke aantref wat presies dieselfde belydenisskrifte aanvaar, en dus wat die leer betref geensins van mekaar verskil nie. Tog staan die Kerke dikwels afwysend en taamlik onvriendelik teenoor mekaar. Dit is veral die geval wat die Ned. Hervormde Kerk en die Ned. Gereformeerde Kerk betref. Iemand wat nie goed vertroud is met die gang van die gebeurtenisse in Suid-Afrika gedurende die afgelope honderd-en-vyftig jaar nie, kan maar nie verstaan waarom die twee Kerke langs mekaar moet bestaan nie. Tog bestaan die twee Kerke en te oordele na die boek van dr. G. D. Scholtz, en die gees wat daaruit spreek staan die Kerke baie onvriendelik teenoor mekaar. Wat is dan die verskil waarom dit gaan? Is dit 'n leerkwessie? Nee, voorwaar nie. Daar is wel deur die jare heen deur sommige mense van die Ned. Gereformeerde Kerk beweer dat die Hervormde Kerk liberaal sou wees. Dr. Scholtz herhaal ook die bewering. Vir enige mens wat iets weet van die Ned. Hervormde Kerk, is dit egter baie duidelik dat hierdie bewering maar 'n uitskellery is wat op geen feit of bewys berus nie. Die uitskellers weet nie eers altyd wat hulle daarmee bedoel nie. Vra hulle maar vir hulle bewyse, dan kom hulle met sulke soort argumente soos die van dr. Scholtz. Oudl. C. Joubert sou die woord in 'n gesprek gebruik het. Nieteenstaande dr. Leyds 'n verklaring gemaak het wat bewys dat Ouderling C. Joubert met die woord iets totaal anders bedoel het, voer dr. Scholtz dit nog as bewys aan. Dit laat mens dink aan 'n kind wat by gebrek aan 'n argument die ander uitskel vir „ou lelik, ou lelik." Nee, dit was nie 'n leerkwessie nie, maar 'n lewenskwessie. Die verskil tussen die twee Kerke het gegaan oor die houding van die Kerke ten opsigte van die Staatkundige groei en ontwikkeling van Suid-Afrika en die gebeurtenisse wat daarmee in verband staan. As mens dus die saak wil verstaan, moet jy dit steeds in gedagte hou.

Die skeiding van die weë van die twee Kerke het begin met die Groot Trek. Tot daardie tyd het daar net een Kerk bestaan. Die Kerk was volgens sy eie Kerkwet die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dit was die enigste naam wat in die Kerkwet voorkom. Dr. Scholtz vergis hom as hy beweer dat die naam Nederduitsch Hervormd *ook* in die wet voorkom. Dit kom nie „ook" daarin voor nie, dit kom „alleen" daarin voor. Die Groot Trek is 'n bekende gebeurtenis in ons geskiedenis. Elkeen weet vandag dat die houding van die ou Voortrekkers teenoor die Engelse bewind aan die Kaap nie maar enige vooroordele teen die Engelse owerheid was nie, soos ds. Jooste in latere jare beweer het nie.

Omdat die Kaapse Kerk die Groot Trek as 'n verkeerde stap gesien het, en die Kaapse predikante nie beroepe na die Voortrekkers wou aanneem nie, het die weë uitmekaar geloop. Die onderhorigheid van die Kaapse Kerk aan die Britse owerheid aan die Kaap en die onsimpatieke houding van die Kaapse Kerk teenoor die Groot Trek, het hierdie skeiding veroorsaak. Toe die Kaapse Kerk nog sy naam 1842-43 verander na Ned. Gereformeerd, was die bestaan van twee afsonderlike Kerke 'n voldonge feit. Die Ned. Gereformeerde Kerk in die Kaap onder Britse bewind en tot op sekere hoogte onderhorig aan die Britse gesag, en die Ned. Hervormde Kerk van die Voortrekkers wat in die Noorde 'n nuwe vrye staat tot stand wou bring.

Die Voortrekkers was die skeppers en draers van die ideaal van 'n eie onafhanklike republiek, vry van Britse gesag. Vir die verwesenliking van hierdie ideaal het die Voortrekkers die grootste offers gebring, en daarvoor met 'n volharding gewerk, gestry en gely, wat die bewondering van elke regskape mens afdwing. Dit was teenoor hierdie ideaal wat die N. G. Kerk van die Kaap in die vorige eeu so afwysend gestaan het. Hulle het geweier om predikante na die Voortrekkers te stuur. Later het hulle die inlywing by die Kaapse Sinode 'n voorwaarde gemaak. Onder die Kaapse Sinode, en julle kan predikante kry. Weier, en julle ontvang geen predikante nie. Die behoefte aan gereelde bearbeiding deur predikante, wat so sterk deur die Voortrekkers gevoel is, is deur die Kaapse Kerk gebruik soos 'n duimskroef, om die Voortrekkers te dwing om onder die Kaapse Sinode te kom. Die Voortrekkers het hiervoor gevrees omdat hulle afkerig was van die Britse gesag. Toe die Voortrekkers uiteindelik 'n predikant gekry het uit Holland in die persoon van ds. Van der Hoff, en hy hom al gou vereenselwig het met die Voortrekker-ideaal, was dit te voorsien dat hy daarmee hom die vyandskap van die Kaapse N. G. Kerk op die hals moes haal. Uit wat dr. G. D. Scholtz van ds. Van der Hoff te sê het, kan mens sien hoe groot die vyandskap was.

Die verskil tussen die geskiedskrywing van dr. G. D. Scholtz en prof. S. P. Engelbrecht is dan ook dat dr. Scholtz die gebeurtenisse op Kerklike gebied wil losmaak van die Staatkundige worsteling tussen Boer en Brit. Hy weier om die feit te aanvaar dat die Kaapse Kerk onderhorig was aan die Britse gesag aan die Kaap. Hy ontken dat die Kaapse Kerk onsimpatiek teenoor die Voortrekker-ideaal gestaan het. Vanuit hierdie standpunt benader hy dan ook die gebeurtenisse. Die beeld wat hy dan teken is so strydig met die werklikheid, dat mens amper nie weet waar om te begin om dit te weerlê nie. Prof. Engelbrecht daarenteen aanvaar die feit dat die Kaapse Kerk, tot op sekere hoogte onderhewig aan die Britse gesag was. Die besluit wat die Kaapse Sinode in hierdie jaar daaroor geneem het bevestig prof. Engelbrecht se standpunt. Dat die leiers van die Kaapse Kerk, as kinders van hul tyd vyandig teenoor

die Groot Trek gestaan het. Dit is dan ook nie vir hom nodig om in sy benadering van die gebeurtenisse skewe voorstellings te gee nie. Die gebeurtenisse spreek vir hul self en pas soos 'n legkaart inmekaar om die beeld volledig te maak.

As die leser die boek van dr. G. D. Scholtz sorgvuldig lees en ook sy *Antwoord* op die kritiek van prof. Engelbrecht, en hy lees met net soveel aandag die *Kerkgeskiedenis* soos deur prof. Engelbrecht beskrywe asook sy kritiek op die boek van dr. Scholtz en hy lees verder sorgvuldig die argumente en bewyse van prof. Engelbrecht wat hy ook in hierdie brosjure aanvoer, kan hy net tot een gevolgtrekking kom. Mens kom onvermydelik tot die gevolgtrekking, dat as mens soos dr. Scholtz die feite van die onderhorigheid van die Kaapse Kerk aan die Britse owerheid aan die Kaap en die bekende Engelsgesindheid van die Kerkleiers van die Kaapse N. G. Kerk ontken, kan hy nie die Kerkgeskiedenis beskryf sonder om snaakse dinge te beweer nie. Dr. Scholtz kan dit dan ook nie regkry nie. Hierdie brosjure van Prof. Engelbrecht bewys dit ten duidelikste.

Oor wat dr. Scholtz van my lesboekie vir die Kerkgeskiedenis gesê het, wil ek maar net sê: Geen mens sal die boekie vir enigiets anders aansien as vir wat dit werklik is nie. 'n Lesboek vir gebruik in Sondagskole. Dit is uiters beknop en in lesse ingedeel met vrae aan die end van elke les. Dr. Scholtz het dit vir 'n wetenskaplike werk aangesien en dit as sodanig veroordeel. Hy het selfs ds. Buskes aangehaal om sy opinie oor my onwetenskaplikheid te staaf. Ds. Buskes is die man wat 'n tyd gelede ons land besoek het. By sy terugkeer in Nederland het hy lesings gehou oor die vreeslike dinge wat hy hier gesien het. Hy het ook 'n boek geskryf waarin hy ons kleurbeleid veroordeel het.

Ds. Buskes het waarskynlik, terwyl hy hier was, my rapport oor die vergadering van die Wêreldraad van Kerke, wat ek as afgevaardigde bygewoon het, gelees. In die rapport het ek die goeie werk van die Wêreldraad baie sterk beklemtoon en aanbeveel dat die Kerk meer belangstelling moet toon en minstens twee afgevaardigdes moet stuur. Ek het egter in die weergawe van my indrukke gesê dat die Amerikaners so opgenome is met die „American way of life" dat hulle baie begaan is oor enigiets wat dit kan versteur. Hulle wil dan ook die Evangelie gebruik om alle wrywingsvlakke tussen volke en rasse uit te skakel. Die mense van Europa daarenteen gee die indruk dat hulle 'n baie skuldige gewete het teenoor die gekleurde volke en daarom sien hulle in die Evangelie 'n voortdurende veroordeling van hul optrede in die verlede. Die gekleurde volke maak egter die indruk dat hulle in Christus 'n onweerstaanbare leier gevind het, vir die bereiking van hulle nasionale ideale.

Begryplik sou 'n man soos ds. Buskes, hiermee nie saamstem nie. Hy het dan ook beweer dat ek te veel in my isolement lewe, om waardering vir die Wêreldraad van Kerke te hê.

Dr. G. D. Scholtz vereenselwig hom skynbaar met ds. Buskes se oordeel, want hy haal hom as outoriteit aan, om te bewys hoe onwetenskaplik ek is. Dr. Scholtz mag hom gelukkig voel in die geselskap van so 'n geesgenoot van Michael Scott, Huddleston en ander liberaliste. Ek verkies hulle veroordeling.

Ten slotte wil ek die brosjure van prof. Engelbrecht baie sterk aanbeveel. Dit is 'n deeglike werk. Dit sal die nageslag help om die waarheid omtrent die geskiedenis van die Ned. Hervormde Kerk en baanbrekers in Transvaal soos ds. Van der Hoff en ander Voortrekkerleiers, te wete te kom.

Mag prof. S. P. Engelbrecht, wat die Kerkgeskiedenis ken, soos niemand anders nie, nog lank gespaar bly om elke poging om ons Kerk en die Voortrekker Kerkleiers verdag te maak, die kop in te slaan.

A. J. G. OOSTHUIZEN,
voorsitter v. d. Komm. v.d. Alg. Kerkreg.
Ned. Herv. Kerk.

12 Desember 1957.